

## NASIENRIGLYNE

| <b>EKSAMEN</b>        | <b>NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT</b> |
|-----------------------|-------------------------------------|
| <b>GRAAD</b>          | 12                                  |
| <b>DATUM</b>          | NOVEMBER 2024                       |
| <b>VAK</b>            | GESKIEDENIS                         |
| <b>VRAESTEL</b>       | 2                                   |
| <b>PUNTETOTAAL</b>    | 150                                 |
| <b>TYDSDUUR (UUR)</b> | 3                                   |
| <b>AANTAL BLADSYE</b> | 26                                  |



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE  
SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

### 1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:

| KOGNITIEWE VLAkke | HISTORIESE VAARDIGHEDE   | GEWIGSTOEKENNING VAN VRAE |
|-------------------|--|---------------------------|
| VLAK 1            | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek inligting uit bronne</li> <li>• Selektoring en organisasie van relevante inligting uit bronne</li> <li>• Definieer historiese konsepte/terme</li> </ul>   | 30%<br>(15)               |
| VLAK 2            | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpretasie van bewyse uit bronne</li> <li>• Verduidelik inligting verkry uit bronne</li> <li>• Analiseer bewyse uit bronne</li> </ul>  | 40%<br>(20)               |
| VLAK 3            | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne</li> <li>• Skakel met bronne om hul bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings</li> </ul> | 30%<br>(15)               |

### 1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse en/of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

### 1.3 Assesseringsprosedures by brongebaseerde vrae:

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Fokus op die nasienriglyn bv. (2 x 2) wat aandui dat twee redes gegee moet word en elke rede moet twee regmerke kry (✓✓✓✓); (1 x 2) dui een rede aan vir twee punte (✓✓).
- Indien 'n antwoord 4 punte werd is, moet dit aangedui word met 4 regmerke (✓✓✓✓).

### 1.4 In die nasien van vrae oor ondersteuning/ooreenkomste, moet die antwoord soos volg wees:

- Dit toon / Dit impliseer / Beide bronne ...
- maar in die geval van die verskille in bronne moet die antwoord wees: In Bron A ..., maar in Bron B ...



## 1.5 PARAGRAAFVRAAG

Paragrafe moet holisties geassesseer word. Die inhoud sowel as die struktuur van die paragraaf moet in aanmerking geneem word wanneer 'n punt toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer die respons op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kol (Engels: "bullet") (•) by elke plek in die skryfstuk waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het wat die vraag aanspreek.
- Lees die paragraaf weer en evalueer die mate waarin die kandidaat in staat was om die relevante bewyse te gebruik om 'n paragraaf te skryf.
- Aan die einde van die paragraaf moet die regmerke (✓) wat die kandidaat verdien het vir die paragraaf sowel as die vlak (1, 2 of 3), soos aangedui in die holistiese rubriek en 'n kort opmerking verskyn, bv.

\_\_\_\_\_ • \_\_\_\_\_ • \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_ • \_\_\_\_\_ • \_\_\_\_\_  
 \_\_\_\_\_ • \_\_\_\_\_ • \_\_\_\_\_  
 ✓✓✓✓  
 Vlak 2

- Gebruik meestal relevante bewyse om 'n basiese paragraaf te skryf.

Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vraag en skryf dan die punt in die onderkant regs in kantlyn bv.

32  
50

- Maak seker dat die totaal korrek oorgedra word na die voorblad/agterblad van die antwoordboek.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument weer te gee om sodoende die gestelde vraag te antwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot moet hê.



## 2.2 Nasien van opstelvrae:

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n sekere sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vra moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoorde.

## 2.3 Globale assessering van die opstel:

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die nasiener die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die kandidaat aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar word nie van die kandidaat verwag om slegs "feite" neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om model-antwoorde voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word kandidate met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die kandidaat se interpretasie van die vraag

## 2.4 Assesseringsprosedures by die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte tydens die assessering van die opstel.

2.4.2 Met die eerste lees van die opstel moet regmerke gemaak word by 'n relevante inleiding (soos aangedui deur die "bullet" in die nasienriglyne/memorandum), elke hooftrek/aspek wat behoorlik gekontekstualiseer is (ook aangedui deur "bullets" in die nasienriglyn/memorandum) en 'n relevante gevolgtrekking (aangedui deur 'n "bullet" in die nasienriglyn/memorandum) bv. in 'n antwoord met 5 kernfeite sal daar 7 regmerke wees.



2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte, slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie

^

|                        |       |
|------------------------|-------|
| • Verkeerde stelling   | _____ |
| • Irrelevante stelling |       |
|                        |       |
|                        |       |
| • Herhaling            | R     |
| • Analise              | A√    |
| • Interpretasie        | I√    |

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word.

Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

- (a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofaspekte gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

|   |        |  |
|---|--------|--|
| I | VLAK 4 |  |
|   |        |  |

- (b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die aanbieding bepaal.

|   |        |  |
|---|--------|--|
| I | VLAK 4 |  |
| A | VLAK 3 |  |

- (c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

|   |        |         |
|---|--------|---------|
| I | VLAK 4 | } 26–27 |
| A | VLAK 3 |         |



**NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE:**

**TOTALE PUNTE: [50]**

| <p><b>AANBIEDING</b></p> <p>➔</p> <p><b>INHOUD</b></p> <p>↓</p>  | <p><b>VLAK 7</b><br/>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het goed gebalanseerde oorspronklik argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun.</p> | <p><b>VLAK 6</b><br/>Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun.</p> | <p><b>VLAK 5</b><br/>Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit die bewyse om die argument te ondersteun.</p> | <p><b>VLAK 4</b><br/>Argument beplan en gestruktureerd. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argumente te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse.</p> | <p><b>VLAK 3</b><br/>Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie.</p> | <p><b>VLAK 2</b><br/>Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie.</p> | <p><b>VLAK 1</b><br/>Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie.</p> |
|--|--|--|---|---|--|--|--|
| <p><b>VLAK 7</b><br/>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is.</p>                              | 47–50  | 43–46  |   |   |  |  |  |
| <p><b>VLAK 6</b><br/>Vraag is beantwoord. Inhoud seleksie relevant tot argument wat gevolg is.</p>   | 43–46  | 40–42  | 38–39   |   |  |  |  |
| <p><b>VLAK 5</b><br/>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.</p>  | 38–39  | 36–37  | 34–35   | 30–33   | 28–29  |  |  |
| <p><b>VLAK 4</b><br/>Vraag herkenbaar in antwoord. Weglatings of irrelevante keuse van inhoud.</p>   |  |  | 30–33   | 28–29   | 26–27  |  |  |
| <p><b>VLAK 3</b><br/>Keuse van inhoud hou verband met die vraag maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings.</p> |  |  |   | 26 - 27   | 24 - 25  | 20 - 23  |  |
| <p><b>VLAK 2</b><br/>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal.</p>   |  |  |   |   | 20 - 23  | 18-19  | 14-17  |
| <p><b>VLAK 1</b><br/>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevant beantwoord.</p>                                       |  |  |   |   |  | 14-17  | 0-13   |

\* Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie / totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13



|             | <b>Vlak 1</b><br>Haal bewyse uit die bronne. Selekteer en organiseer relevante inligting van bronne. Definieer historiese begrippe. | <b>Vlak 2</b><br>Verduidelik historiese begrippe in konteks. Interpretasie van bewyse uit die bronne. Verduidelik inligting uit die bronne. Analiseer bewyse uit die bronne. | <b>Vlak 3</b><br>Interpreteer en evalueer. Verstaan vooroordeel, betroubaarheid, bruikbaarheid en beperkings. Vergelyk en kontrasteer. Interpretasie, evaluering en sintese (paragraaf). |
|-------------|---|--|--|
| <b>CAPS</b> | <b>30%</b>  | <b>40%</b>   | <b>30%</b>   |
| 1.1.1       | 1   |  |  |
| 1.1.2       |   | 2  |  |
| 1.1.3       | 2   |  |  |
| 1.1.4       |   | 2  |  |
| 1.1.5       | 2   |  |  |
| 1.1.6       |   | 4  |  |
| 1.2.1       | 1   |  |  |
| 1.2.2       |   | 2  |  |
| 1.2.3       |   | 4  |  |
| 1.2.4       | 1   |  |  |
| 1.2.5       |   |  | 4  |
| 1.3.1       | 1   |  |  |
| 1.3.2       |   | 2  |  |
| 1.3.3       |   | 2  |  |
| 1.3.4       |   | 2  |  |
| 1.3.5       | 2   |  |  |
| 1.4.1       | 2   |  |  |
| 1.4.2       | 2   |  |  |
| 1.4.3       |   |  | 4  |
| 1.5         |   |  | 8  |
|             | <b>28%</b>  | <b>40%</b>   | <b>32%</b>   |
| 2.1.1       | 1   |  |  |
| 2.1.2       |   | 2  |  |
| 2.1.3       | 2   |  |  |
| 2.1.4       | 2   |  |  |
| 2.1.5       |   |  | 2  |
| 2.2.1       |   | 4  |  |
| 2.2.2       |   | 4  |  |
| 2.2.3       |   | 2  |  |
| 2.3.1       |   | 2  |  |
| 2.3.2       |   | 2  |  |
| 2.3.3       | 2   |  |  |
| 2.3.4       | 3   |  |  |
| 2.3.5 (a)   | 1   |  |  |
| 2.3.5 (b)   | 1   |  |  |
| 2.4         |   |  | 4  |
| 2.5.1       |   | 4  |  |
| 2.5.2       | 2   |  |  |
| 2.5.3       |   |  | 2  |
| 2.6         |   |  | 8  |
|             | <b>28%</b>  | <b>40%</b>   | <b>32%</b>   |
| 3.1.1       | 1   |  |  |
| 3.1.2       | 2   |  |  |
| 3.1.3       |   | 2  |  |
| 3.1.4       | 3   |  |  |
| 3.1.5       | 1   |  |  |
| 3.1.6       |   |  | 4  |
| 3.2.1       | 4   |  |  |
| 3.2.2       |   | 4  |  |
| 3.2.3       |   | 4  |  |
| 3.3.1       | 1   |  |  |
| 3.3.2       |   | 4  |  |
| 3.3.3       |   | 4  |  |
| 3.4.1       | 2   |  |  |
| 3.4.2       |   | 2  |  |
| 3.5         |   |  | 4  |
| 3.6         |   |  | 8  |
|             | <b>28%</b>  | <b>40%</b>   | <b>32%</b>   |



## AFDELING A

### VRAAG 1: HOE HET SWART SUID-AFRIKANERS REAGEER OP PW BOTHA SE HERVORMINGS IN DIE 1980's?

#### 1.1

##### 1.1.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]*

- “As van die UDF lede geneutraliseer was, het ander aktiviste in hulle plek aksie geneem en is skool-, bus- en verbruikersboikotte begin ...” (1x1) (1)

##### 1.1.2 *[Interpretasie van bewyse in historiese konteks uit Bron 1A – Vlak 2]*

- Protes deur die swart meerderheid nadat PW Botha hervormings in die 1980's ingestel het (1x2) (2)

##### 1.1.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]*

- “Boikotte”
- “Wegbly-aksies” (2x1) (2)

##### 1.1.4 *[Definisie van die historiese begrip uit Bron 1A – Vlak 2]*

- 'n Persoon wat hom beywer om politieke of sosiale verandering teweeg te bring (1x2) (2)

##### 1.1.5 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A – Vlak 1]*

- “... noodtoestandbeperkings”.
- “... aanhouding van baie van die aktiviste”. (2x1) (2)

##### 1.1.6 *[Interpretasie van bewyse in historiese konteks uit Bron 1A – Vlak 2]*

- Geen publieke vergaderings.
- SAW/polisie het die townships patrolleer.
- SAW/polisie het absolute outoriteit gehad om mense te arresteer.
- Aandklokke ingestel beteken geen beweging.
- Medie gesensor.
- Enige relevante antwoord. (2x2) (4)

**[13]**

#### 1.2

##### 1.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]*

- “... ek vermoed dat u voorstel heeltemal ondemokraties was in die wyse waarop u swartes hulle demokratiese reg wat by hul burgerskap ingesluit word ...”
- Nie na die politieke regte van swartes verwys het...” (1x1) (1)

##### 1.2.2 *[Definisie van die begrip uit Bron 1B – Vlak 2]*

(Enige 1x2) (2)



- Swartes wat in die 1980's in die lokasies langs dorpe en stede van Suid-Afrika gewoon het
- Swartes wat in die lokasies gewoon het
- Enige relevante antwoord

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse in historiese konteks uit Bron 1B – Vlak 2]*

- Swart meerderheid is 'n bedreiging vir die wit minderheid (“Swart gevaar”).
- Om die posisie van wit Suid-Afrikaners te beskerm
- Enige relevante antwoord

(Enige 2x2) (4)

1.2.4 *[Onttrek bewyse uit Bron 1B – Vlak 1]*

- “African National Congress”

(1x1) (1)

1.2.5 *[Betroubaarheid van Bron 1B in 'n historiese konteks – Vlak 3]*

**Betroubaar**

- Dit is die brief geskryf deur Dennis Goldberg wat weens sy politieke oortuigings aangehou is deur PW Botha, dit is 'n ooggetuieverslag / eerstehandse weergawe.
- Die webwerf waaruit die bron geneem is, is betroubaar, want dit is .org.
- Die bron is eensydig want dit is vanuit Goldberg se perspektief.
- Die bron is meestal betroubaar, want dit is 'n uittreksel van die oorspronklike brief wat deur Goldberg geskryf is, wat toe in die tronk was.
- Enige relevante antwoord

(Enige 2x2) (4)

**[12]**

1.3

1.3.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1C – Vlak 1]*

- “... toe die hervormings in 1984 in werking getree het...”

(1x1) (1)

1.3.2 *[Interpretasie van bewyse in historiese konteks uit Bron 1C – Vlak 2]*

- Liberale wittes wat die swart meerderheid ondersteun het.

(1x2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van Bron 1C – Vlak 2]*

- Botha het aanvaar dat Suid-Afrika 'n punt bereik het waar hulle nie kon terugdraai nie en dat die regering die apartheidstelsel sou behou ten spyte van interne en internasionale gevolge.

(1x2) (2)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – Vlak 2]*

- Sy regering ontken die swart meerderheid die reg om te stem.
- Die hervormings wat hy ingestel het, is nie aanvaar deur die meerderheid van Suid-Afrikaners nie.
- Hy het politieke hervormings ingestel ondanks opposisie van (Enige 1x2) (2)



binne en buite Suid-Afrika.

1.3.5 *[Onttrek bewyse uit Bron 1C – Vlak 1]*

- “Selfs die hardnekkige (volhardende) simpatieke Margaret Thatcher het nou opgegee met Botha, ...”
- “... Amerikaanse banke en korporasies begin om van hul belange in Suid-Afrika te onttrek”.
- “... onder Amerikaanse druk gedwing om onafhanklikheid aan Namibië toe te staan ...”
- “... randwaarde het ineengestort ...”
- Enige relevante antwoord

(Enige 2x1) (2)

**[9]**

1.4

1.4.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 1D – Vlak 1]*

- “Beëindig wit minderheid-oorheersing!”
- “Demokratiese verkiesings nou vir ’n verteenwoordigende vergadering!”

(2x1) (2)

1.4.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 1D – Vlak 1]*

- “The African National Congress”
- “COSATU”
- “SAKP”

(2x1) (2)

1.4.3 *[Vergelyking van bronne – Vlak 3]*

- Bron 1C is ’n inligtingsbron wat verduidelik hoe die staat gereageer het op swart eise vir demokratiese regte. / Bron 1D is ’n visuele bron wat die swart reaksie wys en hulle eis dat wit minderheid mag beëindig word.
- Bron 1C fokus op hoe die VSA en Margaret Thatcher probeer om Botha te forseer om gehoor te gee aan demokratiese beginsels. / Bron 1D fokus op hoe die plaaslike swart Suid-Afrikaners probeer om demokratiese regte en verandering mee te bring.
- Bron 1C wys internasionale steun om die minderheidsregering te beëindig. / Bron 1D wys dat die werkersklas by die stryd aansluit om apartheid te beëindig.
- Enige relevante antwoord

(Enige 2x2) (4)

**[8]**

1.5 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit relevante bronne – Vlak 3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die oorlog van die mense is begin, ondersteun deur die UDF-leiers en aktiviste. (Bron 1A)
- Daar was ’n groeiende woede en frustrasie onder die swartes oor die



- implementering van demokrasie in Suid-Afrika. (Bron 1B)
- Jong swartmense het apartheid teengestaan met erge gevolge en konfrontasies met die polisie. (Bron 1C)
- Botha se regering het 'n Noodtoestand afgekondig. (Bron 1A)
- Die weermag en polisie het mag gekry om orde te handhaaf ten alle koste. (Eie kennis)
- Botha se wettiging van die swart vakbonde in 1979, het aan Afrikane 'n industriële stem gegee (COSATU). (Eie kennis)
- Duisende is gearrestreer, 2 500 is doodgemaak deur die polisie gedurende die noodtoestand. (Bron 1B)
- Die PEBCO-aktiviste is gemartel en is in die tronk dood. (Bron 1A)
- In 1985 het Botha hervormings belowe as gevolg van die voortslepende geweld, hy het belowe om die "Rubicon" oor te steek. (Bron 1D)
- Die hervormings wat hy ingestel het, het net die Kleurlinge en Indiërs verteenwoordiging in 'n wit regering gegee. (Bron 1A)
- Leiers soos Mandela en Thatcher was teleurgesteld. (Bron 1C)
- Die ANC, COSATU en die SAKP het optogte gehad teen Botha se hervormings. (Bron 1D)
- 'n Nuwe bevrydingsbeweging, die United Democratic Front (UDF) het 'n massiewe landswye veldtog teen die Driekamerparlement geloods. (Bron 1D)
- Burgerlike proteste het gewys dat die meerderheid van Suid-Afrikane teen die nuwe stelsel gekant was. (Bron 1D)
- Geweld het dikwels uitbreek en die regering het gereageer deur 'n tweede Noodtoestand af te kondig wat deur die meeste van die 1980's geduur het. (Bron 1B)
- Rollende massa-aksie het momentum gekry en Botha het besef dat dit deel was van die "totale aanslag" van magte wat Suid-Afrika wou vernietig. (Eie kennis)
- Enige relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

|        |  |            |
|--------|--|------------|
| VLAK 1 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie elementêre manier; bv. <b>toon min of geen begrip vir die manier hoe swart Suid-Afrikane reageer het op PW Botha se hervormings in die 1980's.</b></li> <li>• Gebruik bewyse net gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf oor die onderwerp of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie.</li> </ul> | PUNTE: 0–2 |
| VLAK 2 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp; bv. <b>toon 'n mate van begrip vir die manier hoe swart Suid-Afrikane reageer het op PW Botha se hervormings in die 1980's.</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier om 'n paragraaf te skryf.</li> </ul>                                   | PUNTE: 3–5 |
| VLAK 3 | <ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse, bv. <b>toon 'n deeglike begrip vir die manier hoe swart Suid-Afrikane reageer het op PW Botha se hervormings in die 1980's.</b></li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n deeglike begrip van die onderwerp toon.</li> </ul>                                       | PUNTE: 6–8 |

[8]

**TOTAAL VRAAG 1: [50]**



## VRAAG 2: HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE DOOD VAN CHRIS HANI SUKSESVOL HANTEER?

### 2.1

#### 2.1.1 [Onttrek bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]

- “Die Waarheid-en-versoeningskommissie het Woensdag die twee se aansoek om amnestie vir die moord van die hand gewys ...” (1x1) (1)

#### 2.1.2 [Definisie van ’n begrip uit Bron 2A – Vlak 2]

- ‘n Amptelike verskoning/vriskylding vir mense wat politieke oortredings begaan het.
- Enige relevante antwoord. (Enige 1x2) (2)

#### 2.1.3 [Onttrek bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]

- “Janusz Walus”
- “Derby-Lewis” (2x1) (2)

#### 2.1.4 [Onttrek bewyse uit Bron 2A – Vlak 1]

- “... dat die mans versuim het, om ’n volledige openbaarmaking te maak, ...”
- “... nie daarin geslaag het om te bewys dat die moord polities gemotiveerd was nie.” (2x1) (2)

#### 2.1.5 [Betroubaarheid van Bron 2A – Vlak 3]

##### **Betroubaar want:**

- Die bron is geneem van ’n regeringswebtuiste.
- Dit bevat feite wat bewys kan word.
- Enige relevante antwoord (Enige 1x2) (2)

**[9]**

### 2.2

#### 2.2.1 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – Vlak 2]

- Apologie/verskoning vra was nie ’n voorwaarde vir amnestie nie.
- Hy kon nie om verskoning vra vir ’n oorlogsdaad nie.
- Enige relevante (2x2) (4)

#### 2.2.2 [Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – Vlak 2]

- George Bizos wou Derby-Lewis aan die kaak stel want hy het geen berou getoon nie en het nie amnestie verdien nie.
- Om vas te stel of Derby-Lewis vergifnis gesien het as ’n noodsaaklikheid in die nuwe Suid-Afrika
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2x2) (4)



### 2.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – Vlak 2]*

- Derby-Lewis het nie die onderhandelingsproses vir 'n nuwe Suid-Afrika wat besig was om plaas te vind erken nie.
- Derby-Lewis het gevoel die wittes veg teen die swartes en die dood van Hani was 'n voortsetting van hierdie vyandigheid.
- Derby-Lewis was vasbeslote om die geweld teen ander rasse voort te sit en het gevoel dat hy niks verkeerd gedoen het deur Hani te vermoor nie.
- Enige ander relevante antwoord

(Enige 1x2) (2)

**[10]**

## 2.3

### 2.3.1 *[Verduideliking van 'n begrip uit Bron 2C – Vlak 2]*

- Die wit minderheid wat teen 'n demokratiese Suid-Afrika was
- Enige ander relevante antwoord

(Enige 1x2) (2)

### 2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – Vlak 2]*

- Chris Hani se dood kon lei tot die ineenstorting van onderhandelinge wat besig was om te gebeur.
- Daar was 'n verwagting dat wanneer alle rasse sou stem, swartes die regering sou oorneem.
- Enige ander relevante antwoord

(Enige 1x2) (2)

### 2.3.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 2C – Vlak 1]*

- "...dat hulle versuim het om die volle waarheid oor die gebeurtenis te vertel."
- "... daarom het hulle nie die politieke 'mandaat' nie."

(2x1) (2)

### 2.3.4 *[Onttrek bewyse uit Bron 2C – Vlak 1]*

- "Die Hani-familie"
- "Die Kommunistiese Party"
- "Die African National Congress"

(3x1) (3)

### 2.3.5 *[Onttrek bewyse uit Bron 2C – Vlak 1]*

- a) Derby-Lewis – "hy het die moord beplan om chaos te skep en 'n regse staatsgreep te ontketen." (1x1) (1)
- b) Janusz Walus – "probeer keer dat kommuniste die mag in sy nuwe huis oorneem." (1x1) (1)

**[11]**



#### 2.4 [Vergelyking van inligting in Bronne 2B en 2C – Vlak 3]

- Bron 2B verklaar dat Chris Hani se dood 'n belangrike politikus in Suid-Afrika verwyder het en Bron 2C verklaar dat Hani se dood moontlik chaos in die land kon veroorsaak het.
- Albei bronne bewys dat Hani doodgemaak is deur Derby-Lewis en Janusz Walus.
- Albei bronne verklaar dat albei die mans Hani doodgemaak het sonder dat hulle 'n politieke mandaat gehad het.
- Enige ander relevante antwoord

(Enige 1x2) (2)

**[2]**

#### 2.5

##### 2.5.1 [Interpretasie van bewyse in Bron 2D – Vlak 2]

- Chris Hani was die leier van die Kommunistiese Party wat as 'n bedreiging teen apartheid in Suid-Afrika gesien is.
- Chris Hani het die onderhandelingsproses vir 'n demokratiese Suid-Afrika ondersteun.
- Enige relevante antwoord

(Enige 2x2) (4)

##### 2.5.2 [Onttrek bewyse uit Bron 2D – Vlak 1]

- "... wie het die bevel gegee om Hani dood te maak".
- "Sy moordenaars het voor die WVK verskyn ..."

(2x1) (2)

##### 2.5.3 [Beperking in Bron 2D – Vlak 3]

- Dit bevat nie al die details oor die uitdagings wat die WVK ondervind het in die Hani-saak nie.
- Daar is geen inligting oor die bevindinge van die WVK oor die saak nie.
- Enige ander relevante antwoord

(Enige 2x2) (4)

**[10]**



2.6 [Interpretasie, evaluasie en sintese van bewyse in die relevante bronne – Vlak 3]

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Lewis and Walus het voor die WVK verskyn. (Bron 2A)
- Mnr. Clive Derby-Lewis het nooit om verskoning gevra dat hy Hani doodgemaak het nie. (Bron 2B)
- Derby-Lewis het die moord op Hani gesien as 'n oorlogsdaad. (Bron 2B)
- Die WVK het amnestie geweier aan die twee mans wat Hani vermoor het. (Bron 2B)
- Die WVK het gevoel dat die twee regse lede wat Hani vermoor het, geen spyt getoon het nie en ook nie die waarheid vertel het nie, veral Derby-Lewis. (Bron 2C)
- Die WVK het ook vasgestel dat hulle geen mandaat gehad het om die sluipmoord teen Hani uit te voer nie. (Bron 2C)
- Baie families wag nog steeds om die waarheid oor die dood van hulle geliefdes uit te vind soos bv. die Hani- en die Timol-familie. (Eie kennis)
